***VERSLAGWAARDIG:JA/NEE***
***SIRKULEER ONDER LANDDROSTE:JA/NEE***
***SIRKULEER ONDER REGTERS:JA/NEE***

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.:182/2001***
***DATUM:11-04-2001***

In die Hersieningsuitspraak van:

**DIE STAAT**

teen

**PAUL VOORMAN**

***CORAM:*** VAN DER WALT R et MAJIEDT R

# *U I T S P R A A K*

**MAJIEDT R:**

1. Die beskuldigde is tereg op sy aangebode pleit skuldig bevind aan die ten taste gelegde misdryf van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Hy is gevonnis tot 2 jaar gevangenisstraf.

2. Ek het op hersiening die voormelde vonnis bevraagteken met spesifieke verwysing na die moontlikheid om 'n gedeelte van die termyn van gevangenisstraf op te skort op gepaste voorwaardes.

3. Die landdros het, by implikasie, toegegee dat die vonnis van gedeeltelik opgeskorte gevangenisstraf meer gepas sou wees – die landdros meld in sy redes dat hy *"geen beswaar"* sou hê indien daar op hersiening ingemeng sou word deur die vonnis in sy geheel of gedeeltelik op te skort nie.

4. Die feite van die saak, soos blyk uit die beskuldigde se ondervraging ingevolge artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet kan bondig as volg saamgevat word:

4.1 die beskuldige het sy vrou 4 keer met 'n mes gesteek (3 keer op haar kop en eenkeer op haar regterarm);

4.2 hierdie aanranding is voorafgegaan deur 'n gesprek tussen hulle twee oor 'n verhouding wat sy met 'n ander man sou gehad het;

4.3 hierdie gesprek is onderbreek deur besoekers wat by die beskuldigde en klaagster se huis opgedaag het; daarna het die klaagster verdwyn uit die huis en het die beskuldigde na haar gaan soek;

4.4 toe hy haar opspoor het die beskuldigde die klaagster, wat op die vlug geslaan het, agternagesit, ingehaal en haar gesteek.

5. Die misdryf is uiteraard ernstig en is dit veral strafverswarend dat 'n weerlose vrou in gesinsverband so ernstig aangerand is. Die howe het 'n plig teenoor vroue wat hul liggaamlike integriteit aanbetref,

Sien: ***S v Chapman*** 1997(2) SASV 3 (HHA) te 5b-e.

Dit is derhalwe in belang van die breë gemeenskap dat oortreders in misdrywe soos die onderhawige behoorlik gestraf word.

6. Daarteenoor egter is dit belangrik dat die beskuldigde se persoonlike omstandighede nie buite die oog verloor word nie. Die landdros voer aan dat hy wel hierdie faktor op ewewigtige wyse ook in ag geneem het tydens die oorweging van 'n gepaste vonnis.
Ek vind egter geen vergestalting daavan in die opgelegde vonnis nie, wat na my mening heeltemal te swaar en skokkend onvanpas is.

7. Die volgende aspekte stel na my mening strafversagtende faktore daar:

 7.1 die beskuldigde het 'n skoon rekord;
 7.2 hy het skuldig gepleit en het ter strafversagting verklaar dat hy berou het en nie weer die misdryf sal herhaal nie;
 7.3 die beskuldigde het 'n redelike goeie werk gehad en het klaarblyklik omgesien na sy familie.

8. 'n Algehele opskorting van die vonnis sou myns insiens heeltemal onvanpas wees, gegewe die feit van 'n aanranding met 'n mes op die beskuldigde se vrou en die beserings wat die

klaagster opgedoen het. Opskorting van ‘n gedeelte van die termyn van gevangenisstraf sal egter na my mening die beskuldigde ‘n geleentheid bied om sy onderneming om nie weer só ‘n misdryf te pleeg nie, gestand te doen.

**Ek sou derhalwe die skuldigbevinding bekragtig maar die vonnis tersyde stel en vervang met een van twee (2) jaar gevangenisstraf waaran een (1) jaar gevangenisstraf opgeskort word vir ‘n tydperk van vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan ‘n misdryf waarvan geweld teen die persoon van ‘n ander ‘n element is nie en wat gepleeg is tydens die tydperk van opskorting nie.**

__________________________

S.A. MAJIEDT

REGTER

**Ek stem saam en dit word aldus gelas**.

__________________________

J.C. VAN DER WALT
REGTER